**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 3: PRYSVORMING (2)** (Aanbod en pryse)

’n Sakeman wat kookolie verkoop, bevind dat mense toenemend olyfolie koop, omdat dit gesondheidsvoordele het. Hy verkoop tans 1 000 liter olyfolie teen R40 per liter. As die prys sou opskuif na R50 per liter is hy bereid om 1 500 liter te verskaf. As die prys egter sou daal na R30 per liter, sal hy slegs 500 liter te koop aanbied.

1 Waarom was daar ’n toename in die gebruik van olyfolie?

______________________________________________________________

2 Hoe reageer hierdie sakeman op ’n styging in die prys van olyfolie?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

3 Kom die sakeman se reaksie op prysveranderings ooreen met die wet van aanbod?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________


4 Die sakeman kan ingevoerde olyfolie teen ’n 10% laer prys as die plaaslike produk aankoop. (a) Hoe sal hy op hierdie geleentheid reageer? (b) Waarom?

(a) ___________________________________________________________

(b) ___________________________________________________________

___________________________________________________________

5 Trek ’n grafiek om die sakeman se aanbod van olyfolie te illustreer.




6 Wat (a) word dit genoem as handelaars in olyfolie in die algemeen bereid is om teen elke prys in die grafiek, meer olyfolie te verkoop? (b) Hoe sal so ’n situasie op bostaande grafiek voorgestel kan word?

(a) ______________________________________ (b) ______________________

___________________________________________________________